

1 Johannes 4:6

*Hieruit ken ons die Gees
van die waarheid en
die gees van die dwaling*

REDAKSIONEEL

Voetnote by die openlike verklaring

Wanneer meerdere vergaderings van die Gereformeerde Kerke in sitting gaan, word daar met Skriflesing en gebed geopen. Daarmee erken die afgevaardigdes hulle totale afhanklikheid van die wysheid en kennis van God uit sy Woord. Vir God se onmisbare leiding en seën in die besluitneming word gebid. Dit is die grondbeginsel waarop hierdie handeling rus. Die kerk is God se kerk. Christus is die Hoof van die kerk. Dit is die onveranderlike waarheid wat deur al die eeue van hierdie bedeling en ook in die toekomstige bedeling vas en seker bly. Selfs wanneer die gelowiges van alle opkomende geslagte oor alle kulture en wêrelddele heen vergader word. Selfs al ontwikkel die samelewing op alle tegnologiese en sosiale gebiede.

Wanneer kerke, deur hulle afgevaardigdes, met mekaar vergader om oor sake van gemeenskaplike belang – wat nie in die plaaslike kerke alleen afgehandel kan word nie – te besluit, is dit tegelyk die bedoeling dat daardie besluite slegs die gehoorsame naspreek van God se Woord en die ordelike toepassing daarvan mag wees. Die mag van kerklike vergaderings kom nie van mense af nie, berus nie op die vindingrykheid wat uit die menslike denke of kultuur voortkom nie. Daarom besit sulke vergaderings ook nie die reg om

kordaat sy 'eie' besluite te neem nie. Die mag van kerklike vergaderings kom van 'bo', van God af. Die grense van sodanige besluitneming word deur die Woord van God self getrek.

Hierin vervul die belydenis van die kerk, soos wat dit deur die eeue heen onder die leiding van die Gees van God in die hart van sy mense geplant is, 'n wesentlike rol – dit is die ware naspreek van die Woord van God.

Die openlike verklaring wat aan afgevaardigdes voorgehou word, verwoord die mandaat van hulle mindere vergaderings. Afgevaardigdes wat hulle korrekte plek as geroepe diensknegte van Christus verstaan, neem die openlike verklaring nie ligtelik op nie. Hulle reageer nie daarop asof dit maar net 'n goeie gewoonte, geykte ritueel of 'n toepaslike gedragsverskynsel is wat by meerdere vergaderings voorkom, wat agter die rug gekry moet word om dit daarna rustig weer te vergeet nie. Geroepe afgevaardigdes neem die openlike verklaring as hulle lewens-erns voor die aangesig van die HERE. Die belydenis het juis onder die verligting van die Gees as die ware naspreek van die Woord tot stand gekom, nadat allerlei verdraaiings en vervalsings daarvan deur dwaalleraars in die kerk ingedra is.

Wanneer afgevaardigdes en ander deelnemers hulle instemming met die openlike verklaring betuig, neem hulle 'n gewetebindende voorneme. Hulle toon nie maar net 'n mooi uiterlike gebaar nie, maar doen iets soortgelyks as wat in die burgerlike howe van getuies verwag word wanneer hulle ingesweer word. Deur op te staan, pleeg afgevaardigdes ook nie maar net 'n medemenslike plig wat hulle solidêr met mekaar moet laat voel nie, maar hulle sê amen. Hulle aanvaar en erken van mekaar 'n gemeenskaplike broederskap in Christus. Hulle is mede-erfgename van die genade van God. Daarmee sê hulle nie, soos die spreekwoordelike drinkebroers: hulle is almal se pël nie. Hulle daad is 'n manier om te sê: So help my God. Ons 'ja' is ons ja gegrond op ons mandaat. So ook is ons 'nee' ons nee. Op die vraagstukke van die agenda wil ons vir vas en bindend hou wat deur die Heilige Gees uit die Woord tot ons kom. Alle menslike versinsels wat met die Woord stry wil ons van harte verwerp.

In hierdie gees is daar op 5 Maart 2005 'n kerkekonferensie saamgeroep om oor vraagstukke te besin wat in die laaste aantal jare 'n beroering in die Gereformeerde Kerke veroorsaak het. Jammerlik het daar in die openbare pers allerlei smadelike

INHOUD

- 1 Redaksioneel
Voetnote by die openlike verklaring
- 2 Skrifoordenking
Doelgerigte en volhardende stryd
Ds LJ van der Merwe
- 4 Fokus
Derrida en die dopperdebat
Dr ALA Buys

- 6 In die koninkryk
Foi et Vie Réformées
Ds E Kayayan
- 7 Geskiedenis
**Augustinus se De Civitate Dei
(Die stad van God) (3)**
Prof VE d'Assonville

- 9 Persskou
- **Wat maak ons gereformeerd?**
- **Fundamentalisme**
- **Doelgerigte verdieping**
Ds GJ Meijer

opmerkings oor hierdie opkomende roepkreet van gereformeerdes verskyn. Hulle word as kerkskeurders, konserwatiewes en fundamentaliste wat onkerkordelik optree, geëtiketteer – selfs nog voordat en sonder dat hulle saak behoorlik aangehoor is.

Dit is ironies: Waar hierdie gereformeerdes vanuit die Skrif argumente opper wat uitwys hoedat 'n skrifkritiese teologie asook 'n anti-christus gees die onderbou is van allerlei kerklike praktyke en sekere besluite van Nasionale Sinode 2003 – in stryd met besluite van vorige sinodes – daar kom die verdedigers van Sinode 2003 se besluite niks

verder as om te sê: Die Sinode het besluit! nie. *Roma dixit* (Rome het gepraat), *Papa dixit* (die pous het gepraat). Verdedigers van die ongeldige besluite roep: Orde, orde! Maar wie se orde is soek?

Dit is merkwaardig hoe die geskiedenis homself herhaal! Nie net die geskiedenis van die 16e eeu nie. Toe het die reformatore gewetensonthalwe teen die ongeldige besluite van Roomse konsilies opgetree. Soortgelyk is die optrede van die Nederlandse Kerke teenoor ds de Kock van Ulrum (1834), dr Kuyper te Amsterdam (1886) en professore Schilder en Greijdanus in 1944; ook soortgelyk aan die optrede van die Hervormde Kerk teenoor ds Dirk

Postma en die Doppers in 1859: 'Die Sinode het besluit!' Dit is ewe merkwaardig watter funksie die gestaltegewing van die erediens as geheel, maar veral die kerklied in al hierdie gebeure gehad het.

Die woorde van die openlike verklaring lê voor ons. Bly dit die onveranderlike waarheid wat ons in die gemeenskap met die kerk van alle eeue en alle plekke voor die aangesig van God omhels of het ons dit opnuut sosio-histories herinterpreteer sodat ons op grond van die nuutste navorsing die sentrale Waarheid daaruit verwyder het? Moet ons nie dalk ook voetnote by die openlike verklaring aanbring nie?

HLJM

SKRIFOORDENKING

Ds LJ vd Merwe, Pretoria

Doelgerigte en volhardende stryd

1 Samuel 17:40-52

Maar Dawid sê vir die Filistyn: Jy kom na my met 'n swaard en 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërs, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het.

So het Dawid dan die Filistyn oorweldig met 'n slinger en 'n klip. En hy het die Filistyn verslaan en hom gedood alhoewel daar geen swaard in Dawid se hand was nie.

Destyds, in die dae van Saul en Dawid, was die Filistyne vir Israel vyand nommer een. Hulle was 'n kryglustige volk wat heelwaarskynlik vanaf Griekeland oor Kreta na Palestina getrek het. Daarvandaan was hulle blykbaar op pad na Egipte, maar is deur die Egiptenaars in hulle koers gestuit. Hulle het hul toe in vyf stadstate, suid-wes van Israel, teen die Middellandse see gevestig – ongeveer waar die Gasastrook vandag is. So het dit gebeur dat hulle 'n voortdurende bedreiging vir Israel was – sodanig dat hulle die simbool van die vyande van God se volk geword het. Hulle was die onbesnedenes.

Daar het weer, vir die soveelste keer, oorlog tussen Israel en die Filistyne gekom. Die inisiatief het hierdie keer by die Filistyne gelê. Hulle het hulleself dié keer ook onoorwinlik geag. Daar was 'n baasvegter, 'n kampioen, 'n magsfiguur onder hulle geleedere: Goliat. Hy was hulle geheime wapen waarmee hulle op die slagveld voor die dag gekom het; die skynbaar onoorwinlike reus: sterk, groot, dapper. Hulle leer was as 't ware gekonsentreer, saamgetrek in één man, Goliat.

Met groot noukeurigheid word hierdie man aan ons voorgeteken. Sy lengte was ses-en-'n-kwart el, meer as nege voet, ongeveer drie meter. Sy wapenrusting of harnas – dit is sy helm, sy skubbepantser, sy skeenplate – was van brons en het altesaam amper sestig kilogram geweeg. Sy aanvalswapens was net so gedug. Hy het 'n koper lans of spies op sy skouers gedra wat hy kon werp of kon gebruik om mee te steek. Daarby het hy nóg 'n spies gehad waarvan die houtsteel soos 'n wewersbalk was met 'n lem van ongeveer sewe kilogram yster. 'n Reuse swaard was in sy

hand. 'n Wapendraer het sy groot skild voor hom uit gedra.

Soos Goliat daar gestaan het was hy as 't ware 'n vesting in die klein – 'n magtige figuur wat met sy brute krag haas alles kon versit en buig en breek. Almal het voor hom gebewe. Daarby het hy 'n enorme groot mond gehad en 'n bulderende stem waarmee hy die leërs van Israel en die God van Israel gehoon het. Twee maal elke dag het hy voor die slagordes van Israel gaan staan en sy uitdagings die ruimte ingeslinger.

Toe Dawid by die gevegsterrein aankom was Goliat juis weer besig met sy daaglikse item op die program. Hy was besig om sy lasteringe en uitdagings in die rigting van die Israelitiese leer uit te skreeu.

Dawid het dit opgemerk en die verskriklike woorde gehoor, die ontsettende godslastering. Daarby het hy die ontmoedigende, demoraliserende uitwerking daarvan op die leer van Israel gesien. Die Gees van God het oor hom vaardig geword. In dodelike erns het hy verklaar: 'Ek sal die reus aandurf. As

daar niemand anders is nie, ek sal!

Nadat Dawid, op aandrang van Saul, die koning se wapenrusting aangetrek en 'n paar treë daarin gegee het, het hy dit uitgetrek en beleefd aan die koning teruggegee. Hy sou gaan soos hy is: gekleed in sy eenvoudige herdersklere, sy staf in sy een hand en sy slingervel in die ander hand. So het hy die gevegsterrein betree. By die spruitjie het hy vyf ronde, gladde klippe uitgesoek en in sy herderstas gesteek.

Deur die spruit het hy Goliat tegemoetgegaan. Sy hart en sy oog was vasberade op die reus gerig. Hy het geen tree agteruit gedeins nie. Daar was by hom geen sweem van aarseling, geen vrees en ook geen twyfel aangaande die uitslag van die geveg nie. Dit was 'n doelgerigte stryd.

Teenoor die suiwer uitwendige, die stoflike wapens van die Filistyn het Dawid die onsienlike, geestelike krag en beskutting van die Naam van die HERE gestel: 'Jy kom na my met 'n swaard en met 'n spies en met 'n lans, maar ek kom na jou in die Naam van die HERE van die leërskaare, die God van die slagordes van Israel, wat jy uitgedaag het'.

Daarby het Dawid vir Goliat 'n smadelike dood aangekondig. Nie net vir hom nie, maar ook vir die hele Filistynse leër. Die hele aarde moet weet dat die HERE groot van krag is. Die stryd behoort aan Hom.

Hierná het die wonderbaarlike tweegeveg begin. Lank sou dit nie duur nie. Albei die teenstanders het nader aan mekaar beweeg. So, terwyl hy vorentoe beweeg, het Dawid 'n klip in sy slingervel gelê. Op die regte afstand, op die regte oomblik het hy gemik, die slinger 'n paar maal bokant sy kop geswaai en laat los.

Feilloos en sekuur was sy gooi. So gedug het hy die reus teen sy voorkop getref dat die klip in sy skedel ingedring en hy grond toe getuimel het. Waarskynlik het die klip reeds die dood veroorsaak. Of Goliat dood was of slegs bewusteloos, Dawid wou seker maak. Hy het nader gehardloop en Goliat se swaard in albei hande vasgegryp, bo-oor hom gaan staan en die reus se kop afgekap. So was die oorwinning volkome!

Ons beleef vandag 'n tyd waarin die satan alle magte saamtrek en mobiliseer teen die koninkryk van God, teen die kerk en teen elke individuele gelowige. Ons moet dit raaksien, sy bedrywighede opmerk en hom op alle terreine teenstaan. Doelgerig, sonder om te weifel en volhardend moet ons hom en sy trawante bestry. Die sonde op maatskaplike gebied, in ons volkslewe en in ons eie persoonlike lewe moet ons met alle mag beveg – nie net verdedigend, asof in die laaste vesting met ons rug teen die muur nie, maar aanvallend met durf en daadkrag, in die naam van die Here.

Ons is ingeskakel in 'n meedoënlose stryd, 'n reuse-worsteling. Ons is ingetrek in die oorlog tussen die magte van die Satan en dié van die Christus. Goliat en Dawid het dié twee magte verpersoonlik en verteenwoordig. Die vraag is net: Waar bevind ons onself, aan wie se kant?

Vroeër is Bybelse norme in 'n groot mate deur die mense in ons vaderland gehandhaaf. Dié norme en beginsels, reg of verkeerd, is selfs deur wetgewing vasgelê. Wat 'n treurige ineenstorting het nie onder ons plaasgevind nie! In die plek daarvan om die kwaad te bestry, laat mense hulle daardeur meevoer. Dobbelary en lotery het 'n integrale deel van sovele se lewens geword. Vanweë die verandering en opheffing van sensuurwette neem pornografie hand-oor-hand toe. Daaglik hoor ons van die verbroekeling van gesinne en die mishandeling van kinders. Skokkende onthullings van korrupsie, tot in die hoogste kringe, kom onder ons aandag. Daarby word ons kinders in openbare skole toenemend aan aanvalle op hulle christelike waardes blootgestel. Groepsdruk, emosionele onvolwassenheid, gebrek aan oerleiding en die sondige geneigdheid van die mens bring mee dat baie van ons kinders aan bendeforming, dwelmmisbruik en die verderflike popkultuur deelneem. So kan ons maar opnoem.

As gelowiges moet ons die stryd teen al hierdie dinge en alle ander euwels wat die geloof en die saligheid van ons mense bedreig, en wat die Naam van ons Here oneer aandoen, doelbewus, vasberade en volhardend

aanknoop en met durf en daadkrag enduit voer. Ons mag die pogings van Satan en sy trawante nie goedpraat of enigins bevorder, ondersteun of beoefen nie. Ons woorde en ons daade moet met die Bybelse norme ooreenkom. Die norme en beginsels wat daarop gebou is, moet ons by ons kinders inskerp. Ons moet ons kinders die norme voorleef. Wat ons glo moet ons in die praktyk uitleef. Woorde wek maar voorbeelde trek!

Daar bestaan 'n wêreldwye strewe om grense tussen mense uit te wis – ook godsdienstige grense moet verdwyn. Daar moet een enkele godsdiens wees wat alle godsdienste in een vaste struktuur saamvat. Hierdie gees van versmelting, waar grense tussen godsdienste opgehef word, is 'n anti-christelike gees. As daar versmelt word, kan die kerk nie meer oortuigend, strydend en oorwinnend die wêreld ingaan nie. Dan storm die wêreld die kerk binne. Buitendien – daar is maar net een God, die Vader van ons Here Jesus Christus. Daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus.

Ons roeping is om in dié opsig radikaal te wees. Ons moet die absolute teenstelling tussen God en die afgode, tussen gelowiges en ongelowiges, tussen goed en kwaad stel. Ons moet die totale verskil tussen die diens aan die Here en alle heidense godsdienste proklameer. Ons sal openlik moet bely: 'Die Here onse God is die enigste Here!' Ons sal hierdie belydenis moet uitleef en as dit moet daarvoor sterf.

So moet ons doelgerig, vasberade en volhardend stry. Ons mag nie weifel nie. Ons moet ons roeping as profeet, priester en koning vasmaak - die amp van gelowige voluit beoefen.

Die Filistyne het destyds met 'n baasvegter, 'n magsfiguur voor die dag gekom. Aan die einde van die eeue sal alle satansmagte hulle saamsnoer in een mens, dié magsfiguur van alle tye, die anti-chris. Teenoor hom staan die groot Seun van Dawid, die Christus. Hy sal die Goliat van die laaste dae vernietig. In beginsel het Hy dit reeds gedoen. Met Jesus se eerste koms het Hy geen sypaai geken nie. Doelgerig, vasberade en volhardend het Hy die weg van God se Woord gegaan, die weg van die wil van sy Vader – al het dit Hom

op Golgota, aan die kruis, tot in die dood gebring. Hy het oorwin. Hy het opgestaan en Hy leef. Eenmaal kom Hy weer om al sy vyande in die verdoemenis te stort. Met sy wederkoms sal daar vir sy volk 'n ewige lente aanbreek. Die grafte sal oopgaan en die gelowiges sal in heerlijkheid opstaan om ewig met Hom oor alle magte te regeer.

Daarom het ons geen rede om bevrees te wees of vir ons doodsnyande terug te deins nie. Ons het volle rede om die stryd teen die duiwel, die wêreld en ons eie, sondige vlees doelgerig en vasberade aan te knoop en daarin tot die einde te volhard. Die oorwinning is seker. Ons moet dus nie 'n algemene en weekhartige christelikheid bely en

beleef nie. Ons moet sterk staan. Ons moet die gespierde godsdiens van ons vaders met oortuiging beoefen. Ons belydenis teenoor alle satansmagte moet wees: 'Ek kom na jou in die Naam van die Here van die leërskaar!' So sal ons oorwin. Soos Dawid.

FOKUS

Dr ALA Buys, Pietersburg-Noord

Derrida en die dopperdebat

Die meeste gereformeerdes ken hom nie. Sy naam is Jaques. Tog het sy invloed so toegeneem dat hy bykans daagliks - en veral deesdae op Sondae - iets met hulle lewens te doen het. Jaques Derrida is 'n Franse Algeryn, gebore in 1930. Alhoewel hy seker nie die enigste vader van die post-modernisme genoem kan word nie, het hy sy deel tot die grootmaak bygedra. Miskien is jy of jou predikant een van sy kinders. Derrida het baie gedink en geskryf. Sy belangrikste werke (in Engels vertaal) is *Speech and Phenomena, Of Grammatology, Writing and Difference*.

Post-modernisme het baie definisies. Derrida het ons geleer van dekonstruksie. Dit beteken in kort dat 'n teks ook altyd iets sê oor dit wat nie daar staan nie, naamlik oor die uitgeslote ander betekenis. Op Derrida se post-modernistiese taalbeskouing kan nie nou in besonderhede ingegaan word nie - dit sal tot later moet oorstaan. Die tafel moet gedek word vir 'n sinvolle debat in die kerk om uit die doodloopstraat van agterdog te kom.

Predikante het die post-modernistiese taalbeskouing by hulle teologiese opleiding as moedersmelk ingekry. 'n Klein handjie vol van die predikers en professore het die formules van die moedersmelk ontsyfer en daarvan gehou. Ander, dalk twee-derdes, het teologies op die melk grootgeword (of mag ons sê post-modernisties 'klein'

gebly). Hulle het geen benul van die samestelling van die melkformule wat hulle in blikke van die post-moderne rak af koop nie. Met hierdie melk probeer hulle nou die kinders van die Here grootmaak.

Liefdesgrond

Wanneer 'n mens post-modernisme die eerste keer raakloop (eintlik bekruip dit jou stil-stil), kyk jy effe skeef op soos 'n skaaphond wat een van sy verlore skape soek. Naderhand versit jy jou met alle mag daarteen. Tog lyk dit nie of post-modernisme wil weggaan nie.

Ons hele kerklike debat - die eerlike pogings, die gemene aanvalle, die geniepsige knyperie, die politiek-korrekte kruipery, die skeursugters, weggagers - is omhul met die post-moderne manier van dink. Selfs soms die persone wat dink dat hulle uit en uit daarteen is. Eers wanneer jy agterkom dat post-modernisme 'n dodelik-aansteeklike, virtueel-oordraagbare siekte is kan jy die mense, selfs jou eie dominee, pastoraal met die liefde van Christus begin reghelp. Wat hier volg is 'n liefdespoging om diegene wat post-modernisties dink binne die gereformeerde kerke te oortuig dat hulle wel post-moderniste is. Ons moet hiermee aanhou al word ons daarvoor verag. Liefde vir die kerk van Christus dring my daartoe. En ja, ek moes my bekeer om ook die post-moderniste (weer) lief te kry - hulle

bly almal my naaste, sommige nog my broeders. Hierdie persoonlike noot is nie manipulerend bedoel nie, maar is 'n verklaring van intensie: liefde vir die post-moderne lidmate. Daarom moet die waarheid ook oor post-modernisme uitgaan. Laat ons analiseer waar die kerk se nuwe taal vandaan kom.

Spraakverwarring

Derrida het die doppers 'n ander taal aangeleer. Hy het hulle geleer om in tale te praat en by mekaar verby te praat. Predikante het in daardie taal begin preek. Daardie preke het hulle hande laat opsteek in 'n stemmery. 'n Preekstem het 'n handige stem op meerdere vergaderings geword.

Ons het geleer om vir die of 'n waarheid te kies. Derrida het ons so geleer - stadig, stap vir stap, voetjie vir voetjie, handjie vir handjie. Die meeste van ons weet niks daarvan nie. Daardie stem en stemme en stemmery kan die kerk egter in brokstukke breek. Kan ons nog die stem van die goeie Herder hoor of verwar ons sy stem met die stem van die hermeneutiese huurling? (Johannes 10)

Skeuring nie bepleit

Ons is besig om mekaar nie met modder nie, maar met gifgas te gooi - 'n vreemde soort gas wat met die asem van God en met die asem van die lewe wat Hy in Adam geblaas

het niks te doen het nie. As ons die probleem, naamlik die effek van die post-moderne taalteorieë in die teologie, nie reg raaksien nie gaan ons almal 'n verkeerde diagnose oor die huidige kerklike stand maak.

Daar is mense wat dink dat daar 'n kerkskeuring kom. Sommige vrees dit - 'n kerkskeurder hoort nie aan die nagmaalstafel nie. Ander begeer dit heimlik - verlos ons van die bese broeders. Nog ander begin dit op die kleiner deel afdwing - wanneer loop julle nou? Daar is dié wat dalk bekommerd is oor die bekommerdes; wat dink die skeuring moet maar kom, eerder vroeër as later. Skadebeheer kan skarebeheer word vir die groot Afrikaanse superkerk wat kom. Staan dan maar 'n paar verkrampes af. Die geheel is groter as die dele. Of jy nou aan die groter of die kleiner kant van die skeur staan, dit is nie die regte blik op sake nie.

Twee afgronde: mistiek en fundamentalisme

Asseblief, letterlik in die Naam van ons Here Jesus Christus, staan net vir 'n rukkie stil en kyk. Albei kante. As die post-modernistiese taalteorie nie aangespreek word nie is daar vir albei kante net een van twee moontlikhede om jou geloof in Christus - wat nog daarvan oorgebly het na die inaseming van die gifgas - te probeer behou: mistiek of fundamentalisme.

Gelowiges aan die groter kant van die skeur (twee-derdes?) wat nie die bekommerdes se klagtes deel of verder wil aanhoor nie, moet in die mistiek invlug omdat hulle besmet is met 'n inkalwende taalteorie wat hulle teologie gedurig agtervolg en inhaal. So probeer hulle hul geloof beskerm. Die uitgeslote ander bly egter altyd by jou spook. Daar is geen vaste, blywende wetenskaplike antwoord op Derrida se aanklag nie. Nou doen jy maar iets kinderagtigs - jy vlug onkontroleerbaar in jouself in om by God te probeer kom of te bly. Dit is mistiek. Die 'twee-derde doppers' moet nie dink dat hulle probleme op 'n end is as hulle van die - soos hulle dit sien - konserwatiewe fundamentaliste met hulle objektiewe, onveranderlike, ewige waarheidsbeskouing ontslae geraak het nie.

Na die tyd gaan daar geen blywende instemming wees tot waar die grense van verwardheid geduld sal word nie. Wat is gesonde mistiek en wat is valse mistiek? Moet daar geurmiddels in die kerse wees? Moet daar nie maar net stilte in die erediens wees nie? Mag ons nog ons mistieke ervarings met mekaar deel as daar dan geen maatstaf, geen liniaal oorgebly het vir egte en onegte sielservarings nie? Dit is alles vrae wat nog wag. Daar wag 'n ystydperk vir julle. Julle gaan in liefdelose ysblokke gevries wees, weg van mekaar af. Dit gaan nie die fundamentaliste se skuld wees nie, want hulle het (as gevolg van 2006 se sinodokrasie?) weggeeraak.

Moenie uitsluit

Die mistiek kan nie die kerk duld nie. Post-modernisties-denkende broeders en susters, moet ons tog nie uitsluit nie! Julle het ons diens, ons amp van die gelowige nodig om die kerklose en kerklose mistiek vry te spring. As jy in Christus wil glo, erken dan dat die kerk die liggaam van Christus is; dat Hy dit nie misties bedoel het nie. Moet ons nie laat gaan nie. Gereformeerdes is nie mistici nie. Daar is net een Christus aan Wie sy hele liggaam deel het. Daar is post-moderne geïnterpreteerde christusse, maar dit is die geboortepyne van die antichris in die kerk. Laat ons nie van Christus af weggaan nie, nadat ons dalk eers van mekaar af weggegaan het nie.

Lewensgevaar

Die kleiner deel word lewensgevaarlik deur die fundamentalisme bedreig. Hulle wil die onfeilbare Woord van God tot 'n foutlose resepteboek eksemplarieer en waarborg. Fundamentalisme is anders as gereformeerde-wees. Fundamentalisties-denkendes in die kerk het so geskrik vir die wildgroei en smeulbrand van die post-modernistiese relativisme dat hulle na die anderkant oorgehel het. Hulle soek 'n waarborg vir die waarheid. Hulle is vindingryk daarmee, maar fundamentalisme word swanger uit angs en vrees. Angs kom nie van die Heilige Gees af nie. Jy mag nie die waarheid probeer waarborg nie. Dan het jy jou menslike hand die finale

sê gegee oor die egtheid van Christus, die Waarheid. Dan het jy jou rug op die openbaring gekeer. Dan bely jy nie meer dat Christus die Koning is nie, maar het jy Hom self - met jou eie twee hande - as Koning probeer kroon.

Dan is jy niks anders as die post-moderniste nie. Hulle versnipper die Woord met hulle taalkundige woordverwerkingsprogramme. Jy giet die Woord in jou eie goudsmelter, want jy het jouself die reg toegeëien om die goudstandaard te bepaal. Getuig is nie waarborg nie. Los die Woordverwerking. Stap af van die goudstandaard. Christus is die Waarheid (Johannes 14:6). In al die post-moderne verskriklike waarheid kan en mag jy Hom nie as Waarheid probeer bewys nie. Soek geen waarborg vir die Waarheid nie, anders het jy die openbaring in jou taaltaak prysgegee. Dan het jy die kind wat jy van abortie wou red juis vermoor. Jou selfgekroonde christus gaan al hoe meer anders lyk en baie van jou vryhede opvreet en verslind, sodat jy die vryheid wat Christus jou gegee het haas nie meer gaan begeer nie. Moenie die kerk 'n geheime gewaarborgde goudstandaard-kodewoord leer om by die kerkdeur in te kom nie. Dit is 'n dodelike teenreaksie op Derrida.

Fundamentalistiese broeder en suster, nie bedoel as 'n skeldnaam nie maar as 'n diagnose-erkenning: moet ons nie met wantroue uitsluit nie. Ons sjibolet beteken iets anders as wat jy dink. Weer die sekte en kultusse uit die kerk, want die fundamentaliste het ook baie christusse. 'n Gewaarborgde christus bly vals. Die Christus, Jesus, is die Waarheid. Jy, mens, kan dit nie aan Hom verleen nie. Hy is dit in Homself. Die kerk is die liggaam van Christus. Julle mag nie gangreen in die liggaam veroorsaak nie. Julle lyk nederig en onderdanig aan God, maar julle is nie. Julle gestrengheid is eiewillig. Julle bespied ander se vryheid in Christus. Bekeer julle van julle gewaarborgde waarheid en lewe in die Waarheid, Jesus Christus - soos wat julle bely. Wees vry van alle slawerny - ook in julle opregte pogings om Derrida se siektesmet te vermy.

Generale inspeksie

Ons het mekaar nodig. Saam moet ons belydenis doen oor die Babelse taalverwarring wat in die kerk ingenooui en ingepreek is.


Enige generaal het die regsplig om sy troepe en sy troepe se wapens en toerusting te inspekteer. Jesus Christus is die Hoof van die kerk, ook as koninklike veggeneraal. Wat sal Christus vind as Hy die kerk se toerusting, veral hulle taalteorie inspekteer? Is die hermeneutiese toerusting nie deur die vyand

ingesmokkel nie? Die effek daarvan is defektiewe prediking wat uiteindelik die kerk se belydenis oor die twee nature van Christus gaan beïnvloed. Is dit te veel moeite dat ons dit saam nagaan en kyk of hierdie bewering water hou?

As die Gereformeerde Kerk formeel gaan skeur, of eerder, as ons die kloof wat reeds daar is nie wil opvul nie (as vervulling van die padopvullingsprofesie van Jesaja, ook oor die wederkoms - Jesaja 40:3, 4) sal dit wees omdat die kerk, albei kante, geweier het om tot bekering te kom

oor die ongelooftaalteorie waarmee ons teologie probeer bedryf het. Post-moderne taalteorie en hermeneutiek kan alleen maar valse christusse oplewer wat mekaar met reëlmaat opvolg. Kom laat ons tot bekering kom oor die taal van die dood. Ons het die Woord van die lewe. Babel is nie die taal van Jerusalem nie.

As die kerk skeur is dit nie Derrida se skuld nie. Dit is ons eie skuld - julle almal en myne. Ons het geweet en niks - ook wetenskaplik - daaraan gedoen nie. Wie ore het moet luister.



Liewe mede-vennote in die Sending

Kort voor Kersfees 2004 was ek besig met 'n preek oor Matteus 2 en Hebreërs 4:12. Die tema van die preek was: Kersfees as die oorlogsverklaring van God teen die bouse magte, in die lig van die oorlog van die onwettige koning (Herodes) teen die wettige Koning van die Jode (Jesus Christus). Die vleesgeworde Seun van God is hierdie lewende en kragtige Woord, skerper as enige tweesnydende swaard. Terwyl ek nog so nadink oor die heilige wapens wat God vandag in sy oorlog gebruik, asook watter voorbeeld ek kon neem om die punt te illustreer, het ek 'n brief oopgemaak wat deur een van my baie luisteraars in Abidjan (Ivoorkus) geskryf is. Saam met die brief is een van die boodskappe wat ek vroeër aan hom as deel van 'n pakkie gestuur het. Ek kon eers nie verstaan hoekom hy juis hierdie spesifieke boodskap, getiteld: 'Deur Genade Alleen Gered', aan my terugstuur nie. In sy brief skryf hy dat hy hierdie pakkie op 24 Maart 2004 ontvang het, 'n dag wat hy nooit sal vergeet nie. Nadat hy sy waardering vir die onderrigmateriaal wat hy deur middel van hierdie boodskappe gekry het, uitgespreek het - materiaal wat

IN DIE KONINKRYK

Ds E Kayayan, Pretoria - Rietvallei

Foi et Vie Réformées

hom laat verstaan het waaroor die christelike geloof werklik gaan - het hy sy brief afgesluit deur my te vertel wat op daardie spesifieke dag gebeur het. Daardie 24ste Maart was 'n dag wat gekenmerk was deur hewige gevegte in Abidjan, as gevolg van burgerlike en politieke onrus. Terwyl hy besig was om hierdie boodskappe van my te liasseer, het 'n dwaalkoeël wat in die straat afgevuur is deur sy huis se plafon getrek en die lêer deurboor waarin hy so pas die boodskap van 'Deur Genade Alleen Gered' geliasseer het. Die koeël het niemand in die huis óf vir hom beseer nie, maar, amper soos 'n goddelike vinger, hierdie boodskap van verlossing deur genade alleen uitgewys ... Ek het weer na die stuk papier in my hand gekyk, en gesien hoe die papier aan die onderkant deur die koeël geskeur was. My korrespondent het sy brief afgesluit met die woorde: 'Ek stuur aan jou hierdie stuk papier as bewys dat ons waarlik deur genade alleen gered is'. Terug na my en my preek - ek is voorsien van die mees treffende voorbeeld van die tipe wapen wat God vandag in sy oorlog teen die bouse gebruik: in sy soewereine mag kan Hy die onheilige wapens en koeëls wat die wêreld gebruik om chaos en vernietiging te saai, verander

in instrumente in sy hand wat heenwys na die grond van sy en ons oorwinning: *Sola gratia*, deur genade alleen. Deur hierdie gebeurtenis is beide ek en my korrespondent saamgebind in die besef van God se verstommende genade.

Terwyl ek nou aan u skryf op hierdie 16de Februarie 2005, kan ek met groot vreugde vertel dat die eerste uitsending van 'Glo en Leef Gereformerd' in Cotonou, Bénin ('n Wes-Afrikaanse staat), vanaand sal plaasvind. Dit volg op die ondertekening van 'n kontrak met die plaaslike christelike radiostasie. Daar bestaan geen twyfel nie dat die verkondiging van die Woord van God in Cotonou ook vrugte sal afwerp. Ons word deur die groot hervormer van die 16de eeu, Heinrich Bullinger, herinner: 'die prediking van die Woord van God is die Woord van God' (Romeine 10:14-17; Matteus 10:40; 1 Tessalonisense 2:13). 'Want die woord van God is lewend en kragtig en skerper as enige tweesnydende swaard, en dring deur tot die skeiding van siel en gees en van gewigte en murg, en is 'n beoordelaar van die oorlegginge en gedagtes van die hart. En daar is geen skepsel onsigbaar voor Hom nie, maar alles is oop en bloot voor die oë van Hom met wie ons te doen het.'



GESKIEDENIS

Prof VE d'Assonville, Pretoria

AUGUSTINUS SE *De Civitate Dei* (Die Stad van God) (3)

God se raadsplan met kerk en staat

Gaan dit oor uitverkiesing?

In die vorige artikel oor die val van Rome in 410 nC en Augustinus se boek, *Die stad van God*, het hy vyf belangrike vrae aan die orde gestel. Hierdie keer hoor ons die sesde en laaste vraag: Is daar 'n groter plan agter al die gebeure met Rome? Wat is die doel van alles?

Augustinus antwoord: Die diepste motief van die geskiedenis lê in God se raadsplan. Hier is die antwoord op alles wat met die kerk en die staat in die wêreld gebeur. In sy betoog hoor ons Augustinus, die anti-Pelagian, wat konsekwent vashou aan die ander groot val in die geskiedenis van die mensdom – nie die val van 'n stad nie, maar die sondeval! Nog meer: Hy hou vas aan God se besluit om die mens te verlos. Hierdie verlossing is die HERE se diepste motief vir die herskepping. Gedurig is Hy, die almagtige God, in die geskiedenis besig met sy herskepping nadat die skepping deur die sondeval van die mens geskend is. In kort: dit het God behaag!

Die konsekwensie van God se raadsplan is die *predestinasie*. Augustinus sê dit baie duidelik: Die verskil tussen die twee state – Jerusalem daarbo en Babel hier onder – lê nie in die wilsbeskikking van die mens nie, maar in die ontfermende genade van God! Alleen in sy hande lê die bestemming van mense en volke en state.

Die belangrikheid van die jaar 410 nC – Rome se '11 September'

Daar is 'n groot verskil tussen die man wat die *De Civitate Dei* in die vyfde eeu êrens in Italië gelees het en ons wat dit vandag aan die begin van die 21ste eeu in Suid-Afrika lees. Onthou altyd die datum *24 Augustus 410 nC*. Kyk veral goed na twee dinge in daardie tyd, onmiddellik na die val van Rome: die staat se puinhoop en die kerk se klaagtoon. Kyk goed na die kerk se patetiese getuienis; die kerkleiers se ondergangstemming en ongeloof in die toekoms, te midde van 'n wêreldkrisis waarin die Gote baas is oor die *Roma aeterna*, die sogenaamde 'ewige Rome'.

In die kerkgeskiedenis was daar nog nooit so 'n boek soos Augustinus se *De Civitate Dei* nie. Nog nooit het 'n gelowige skrywer by so 'n staatskatastrofe so intens gelyk na bo en onder gekyk nie; nog nooit tegelyk so deurdringend na die verlede, die hede en die toekoms nie. Nog nooit het die ewigheid en die eeue só naby aan mekaar gekom nie. Nog nooit is die profeet en die geskiedskrywer só met mekaar geïdentifiseer as by hierdie biskop uit Afrika nie. In hierdie magistrale boek slaan die weerlig van die evangelie oor die hele wêreld van die politieke geskiedenis.

Die unieke betekenis van hierdie boek

Die vraag kan gevra word: Wat is die eintlike betekenis van die *De Civitate Dei*? Om dit deeglik te laat inslaan, gaan ons die antwoord

drie keer herhaal: Augustinus se uitgangspunt ... sy uitgangspunt ... sy uitgangspunt! Dit is die *plek* waar hy gaan staan het om die kerk en die staat te bekijk; dit is die *toring* vanwaar hy die kerkgeskiedenis in die wêreldgeskiedenis betrag het; vanuit die huis op die rots het hy die gebeurtenisse van die dag bestudeer. En wat is dit? Die BYBEL, die Woord van God!

Daar is teoloë wat Augustinus vanuit die dogmatiek met kritiek bestorm (soms korrek) ... Daar is manne van die staatsfilosofie wat sekere van sy stelling bevrage (ook miskien korrek, byvoorbeeld klein tekens van die Neo-Platonisme) ... Maar die uikyktoring waaruit hy kerk en wêreld beskou, naamlik die Woord van God, kan hulle nie omverwerp nie.

Vanuit die Bybel as sy wagpos oorsien Augustinus die hele veld van die wêreldgeskiedenis – destyds, in die vyfde eeu, was dit die geskiedenis van die staat Rome, die twaalf eeue van die *civitas terrena*, die stad van die wêreld. Hy sien dit ook profeties die toekoms in – die twaalf eeue tot by die Reformasie van die 16de eeu.

En die kerk? Augustinus deurbreek die vals toekomsverwachting van die chillas-profeet, Eusebius, met sy verwagte vrede ryk binne die Romeinse staatsbestel. Hy kyk vooruit tot in die newels van die eindtyd en hy preek van die koms van die *Civitas Dei*, die stad van God in sy volmaaktheid. Die biskop van Hippo Regius sien duidelik, deur die wolke van die mensdom se stryd, die marsroete van God se verbondsvolk - die kerk met haar koning, Jesus Christus.

‘n Lig uit Afrika in die donker Middeleeue van Europa

Alhoewel daar geredeneer kan word dat die Middeleeue tog nie so donker was soos wat beweer word nie, was dit vir die kerk tog donker – die ontwikkeling van die antichristelike pousdom in Rome. In die historiese denke van Israel se profete, die verlossingsgeskiedenis wat soos ‘n goue draad deur die Heilige Skrif loop en die toekomsprofesieë van die Nuwe Testament, was Augustinus se boek *Die stad van God* die lig wat in die skemerte van die naderende donkerheid van die kerk in die Middeleeue geskyn het.

By so ‘n geskiedenisbeskouing waarin die Bybel die uitgangspunt en die heilsgeskiedenis as die enigste verklaaringsgrond vir kerk- en wêreldgeskiedenis is, kon die Reformasie van die 16de eeu aansluit. Dit is dan ook verstommend in hoe ‘n mate die hervormers, met name Calvyn, na Augustinus teruggryp.

Nie die Humanisme met sy bravade dat hy die eintlike mens se betekenis herontdek het nie ...

Nie die Renaissance met sy roem dat hy die ou *Hellas* (Griekse kultuur) en *Latium* (Romeinse kultuur) weer herontdek het en daarmee na die heidense *Roma aeterna*, die ewige Rome hier op aarde, teruggegryp het nie ...

Maar die Reformasie wat weer die ewige Woord herontdek het ... vind deur die newels van die Middeleeuse kerklike verval weer by Augustinus ‘n baken om die koers aan te dui.

Die *corpus permixtum* – vermengde mensdom

Per slot van rekening bly die geskiedenis van kerk en staat deurgaans ‘n geskiedenis *deur die geloof*, waarvan die burgers van die Godstad, soos Augustinus sê, op aarde steeds met die burgers van die bese stad vermeng is. In ons samelewing op hierdie aarde, so sê hy, leef ons nog in ‘n *corpus permixtum*, ‘n vermengde liggaam. Die koring en die kaf is nog nie finaal geskei nie. Die skape en die bokke loop nog deurmekaar.

Die rigting, die koers wat die kerk

moet inslaan, is duidelik in die Woord van God aangedui. Die brief aan die Hebreërs beskryf hierdie optog van die gemeente deur die geskiedenis as mense wat na ‘n beter vaderland verlang omdat God daar vir hulle ‘n stad berei het (Hebreërs 11:16) – dit is die stad met fundamente waarvan God die boumeester is.

Die ou Romeine het ‘n spreekwoord gehad: *Ex Africa semper aliquid novi* - uit Afrika kom altyd iets nuuts. Hier by ons, in Suid-Afrika, is daar allerduidelike tekens van ‘n grootskaalse deformasie; deformasie van die kerk en deformasie van die staat (terug na die heidendom). Is daar ‘n Gereformeerde teoloog wat weer vir ons ‘n duidelike koers kan aandui – die koers van ‘n onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan God se Woord? Een wat nie gereserveerd nie, maar heeltemal buig onder die gesag van die Woord? Is daar nog ‘n kerklike blad wat nie kompromieë met die tydsgesoesoek nie, maar in leer, diens en tug onvoorwaardelik aan Skrif en Gereformeerde Belydenis vashou – ook met die kerk se verhouding tot die staat?

Die staat ‘n rowersbende?

Toe Augustinus die geskiedenis van twaalf eeue van die Romeinse staat blootgelê het, het hy dit die geskiedenis van ‘n rowersbende genoem. Dit is vanweë hulle voortdurende heersug en geweld oor kleiner volke en lande – die bou van ‘n aardse imperium van mag. Sy letterlike woorde is: ‘Wanneer ‘n staat die geregtigheid opsy skuif, is hy niks anders as ‘n rowersbende nie’.

In ons eie, huidige situasie sal die christen-burger die toets moet aanlê.

Wat doen die regeerders met die ekonomie? Bevoordeel hulle hulself? Word selfs omkoop en korrupsie ingespan om meer geld te kry as wat hulle toekom – die mentaliteit van ‘n rowersbende?

Word die onderwys vir eie gewin, eie ideologie ingespan met leerplanne waar die christelike godsdiens uitgeban word en heidense godsdienste oorneem? Word die tradisionele, feitlike geskiedenis vervang met die marxistiese

bevrydingsgeskiedenis? Word taalregte van minderheidsgroepe met opset verwyder? Is dit dan nie die werk van ‘n rowersbende nie?

As die mediese dienste en privaat-gesondheidsinstellings deur wetgewing al hoe meer onder die monopolie van die staat kom en van die land se beste dokters buiteland toe gedwing word, word die gewone *people* nie beroof nie?

As boereplase - soos in Zimbabwe, waar die landbou die ruggraat van die ekonomie gevorm het - eenvoudig sonder kompensasie deur die staat gevat word om nie-boere te vestig en die georganiseerde landbou tot ‘n stilstand kom, is dit nie blatante rowery nie?

Sestien eeue gelede het Augustinus reeds gesê: ‘n Staat wat nie meer geregtigheid beoefen nie, is ‘n rowersbende.

Die kerk ‘n prostituut?

Sover ons weet, het Augustinus die kerk van die vyfde eeu, wat in sy eskatologie op die voetspoor van die kerkgeskiedskrywer Eusebius hopeloos gedwaal het, nooit ‘n prostituut genoem nie. So beskryf Openbaring 17 die vrou op die dier.

Baie opvallend:

In die Franse uitgawe van die Nederlandse Geloofsbelydenis word die valse kerk in artikel 28 beskryf as ‘n kerk wat owerspel pleeg en die verbond verbreek; dit op grond van Openbaring 17:3.

Dieselfde belydenis van die valse kerk as ‘n onsedelike vrou vind ons in die Skotse Belydenis van 1560 in artikel 18 met Openbaring 17:3 as Skrifgrond.

Ook in die Gereformeerde Hongaarse Belydenis van 1662, hoofstuk 5 artikel 7, word die valse kerk met die prostituut van Openbaring 17:2 vergelyk.

Nou terug by Augustinus se Stad van God. Dit was beslis nog ‘n getuie vir die ware kerk van Jesus Christus. Wat het verder gebeur? Ná Augustinus het die kerk ‘n organisasie geword waarin die regeeramp, die biskop, al hoe meer mag gekry het - ‘n establishment wat eeue lank deur die pous van Rome geregeer is

waarin die plaaslike gemeente geen mag gehad het nie. Ook in die Gereformeerde kerke vind ons in die afgelope eeue dieselfde deformasie (vergelyk byvoorbeeld die Afskeiding 1834, Rustenburg 1859, Doleansie 1886 en Vrymaking 1944). Sinodes

word met hulle besluite 'pouslike regeerders' oor die plaaslike kerke. Die Christelike kerk van die vyfde eeu was nog nie 'n sogenaamde 'valse kerk' nie, maar die deformasie van Eusebius met sy tien kerkgeskiedenisboeke het onverpoosd

deurgewerk tot in die 'staatsgesag' wat die Vatikaan van Rome vandag besit.

Dank die HERE! In die 16de eeu het Hy weer reformatie vir sy kerk bewerk – terug na die Woord! As ons tog ook vandag sal terugkeer na die Woord!

PERSSKOU

Ds GJ Meijer, Wonderboomport

Wat maak ons gereformeerd?

In die Gereformeerde Internet tydskrif *Vox Viva* (nommer 26, Januarie 2005), verskyn 'n artikel uit die pen van dr Chris Saayman onder bogenoemde opskrif. Dié bydrae is 'n verwerking van 'n artikel wat die NG-teoloog, prof WD Jonker, in *Die Kerkbode* (datum onbekend) onder dieselfde titel geskryf het.

Wat maak ons gereformeerd? Nie die blote feit dat ons Christene is nie. Die groot meerderheid Christene is nie gereformeerd nie. Ons betwyfel nie hulle Christenskap omdat hulle nie gereformeerd is nie. Tog is dit vir onself belangrik om gereformeerd te wees, omdat ons seker is dat die gereformeerde verstaan van die Bybel die suiwerste is en dat die outentieke Christelike geloof die beste tot sy Skriftuurlike reg kom in die gereformeerde belydenis. Wat is die besondere kenmerke van die gereformeerde verstaan van die Bybel? Kortliks die volgende:

Die evangelie van vrye genade

Gereformeerdes verstaan die boodskap van die Bybel as die evangelie van genade alleen. Alle Christene sê dit, maar almal verstaan dit nie eenders nie. Gereformeerdes verstaan dat ons uit vrye genade alleen, sonder enige verdienste van ons kant, slegs deur die kruis van Christus gered is toe ons nog Sy vyande was. God red nie bekeerdes, wedergeborenes of berouvolles nie. Ook nie diegene wat die regte keuse maak nie. Hy red sondaars. Hierdie redding kan die mens net ontvang deur die belofte/toesegging van die evangelie (evangelie = dat God mense op die kruis gered het terwyl hulle

sondaars was) te glo. Verlossing uit genade word dus op 'n radikale manier verstaan. Alle Christene glo dat die mens deur Gods genade gered word, maar in verreweg die meeste gevalle word daar altyd weer 'n element van menslike verdienste (gewoonlik word "geloof, bekering, keuse, oorgawe" hiertoe verhef) ingevoer wat meebring dat die redding nie as enkel uit genade verstaan word nie. Dikwels word die genade as 'n soort krag of vermoë (habitus) verstaan wat God aan die mens gee om te kan doen wat Hy vra. Sodoende stel die krag van die genade die mens in staat om aan God se voorwaardes te voldoen ten einde gered te word. Op hierdie manier word die geloof die één goeie werk op grond waarvan God die mens beloon met die redding. Hierdie opvatting is gebaseer op 'n fatale wettiese misverstand. Wanneer gereformeerdes bely dat die mens deur die geloof alleen gered word, word die geloof nie as 'n verdienstelike werk verstaan nie, maar as die instrument waardeur die mens slegs dit ontvang wat God uit genade gee. Wat meer is, ook die geloof is 'n geskenk van God. Die Bybel leer dat die mens só radikaal geestelik dood (totáál verdorwe) is (Efesiërs 2:1) dat dit onmoontlik is om uit eie vermoë te glo. Eers as God die wonder van 'n opwekking uit die dood aan ons verrig, kan ons glo. En God gee dit aan wie Hy wil. Dis 'n daad van sy verkiesende liefde. Reeds voor die skepping het Hy vanuit 'n gevalle mensdom - uit onverdiende genade - vir Hom 'n bruid gekies. Hulle name staan van voor die skepping reeds in die boek van die lewe (Openbaring 13:8, 17:8). Hy het Sy Seun gestuur om die uitverkorenes met Homself te versoen op Golgota.

In hulle lewens laat sy Gees die geloof ontvlam deurdat die Gees hulle oorrompel met die hoor van die evangelie. Dat gereformeerdes die Bybelse leer van die uitverkiesing met dankbaarheid as die hart van die evangelie aanvaar, onderskei hulle van die meeste ander Christene. Maar juis dit maak ons gereformeerd.

Kerk van die Woord

Omdat gereformeerdes glo dat 'n mens slegs uit genade deur die geloof in die Belofte van die evangelie gered word (dat God Sy uitverkorenes deur sy praaf red), is die verkondiging van Gods Woord van beslissende belang. Daarom moet die kerk 'n kerk van die Woord wees. Die ideaal is dat die gemeente deur die omgang met die Woord opgebou word tot 'n mondige gemeente van belydende gelowiges wat nie net self in die heil deel nie, maar wat die eer van God op alle terreine van die lewe soek en as profete, priesters en konings vir Christus in die wêreld lewe. Dit het geweldige gevolge vir die verstaan van die ware aard van die erediens. Nie die liturgie, sakramente, godsdienstige seremonies en religieuse praktyk nie, ook nie die gesellige saamwees van gelowiges nie, maar die gepreekte Woord wat die verlorenheid van die mens onthul en die vrye genade van God aan sondaars toesê, vorm die hart van die erediens en die ganse bediening van die kerk. Wanneer die gepredikte Woord in welke opsig en om welke rede ook al uit sy sentrale posisie in die erediens en die kerklike lewe verdring word, kom die gereformeerde karakter van die kerk

onder druk. Gereformeerdes beskou die Bybel as die onfeilbare Woord van God en verwerp alle vorme van hoër Skrifkritiek wat die Bybel degradeer tot 'n menslike religieuse geskrif. Ook hierdie oortuiging maak ons gereformeerd.

Die wet van God

Dat die eer van God op alle terreine van die lewe gedien moet word, hang vir gereformeerdes saam met hulle oortuiging dat 'n mens wat uit genade gered is, ook persoonlik deur die Gees geheilig en in die wêreld uitgestuur word om dáár die wil van God te doen. Daarom neem gereformeerde gelowiges ook die héle Woord van God ernstig op as Ou en Nuwe Testament en as Wet en Evangelie. Hulle verstaan die Bybel nie net as die blye boodskap van vergifnis nie, maar ook as die blye boodskap dat Christus die mag van die sonde oorwin het en dat gelowiges geroep word om in hulle hele lewe uit hierdie oorwinning van Christus te lewe en Gods gebod in alles te gehoorsaam. Gereformeerdes is mense wat nie net hulle persoonlike lewe nie, maar ook hulle gesins- en gemeenskapslewe, hulle arbeid en ekonomie, ja, ook hulle politieke lewe volgens die eise van Gods wet wil inrig. Daar is geen duimbreedte van die aardse werklikheid waarvan Christus nie sê: "Dit is Myne" nie. Dit is tipies gereformeerde om die Wet van God op alle lewensterreine te wil gehoorsaam uit dankbaarheid vir Sy vrye genade én dit binne die erediens te laat funksioneer.

Die verbond

In die tyd van die Reformasie moes die Reformatore deurentyd vanuit die Woord keerwalle opwerp na twee fronte toe. Enersyds die kerk van Rome en andersyds die Wederdopers. Oor die algemeen het die Dopers radikaal met die reformatoriese kerk gebreek, die kinderdoop verwerp en die buitengewone gawes van die Gees nagejaag. Volgens die Dopers het die Reformatore nie ver genoeg gegaan met die kerkhervorming nie. Daarom wou die Dopers na die ervarings van die eerste Pinksterdag en die godsdienstige beleving van die Korintiëse gemeente (1 Korintiërs 14) teruggryp. Die Reformatore het hulle duidelik van die Dopers gedistansieer. Die hele situasie het hulle egter genoop om die Bybelse

gronde vir die kinderdoop te verhelder. Dit het hulle gedoen deur die leer van die verbond te ontwikkel. Die kerk het altyd geweet dat die genadeverbond 'n basiese werklikheid in Gods verhouding met sy volk is, maar dit was die taak van die Reformatore om die verbondsleer vollediger te ontwikkel. Gereformeerdes glo dat God se verbond vir die kerk van alle tye betekenis het. Hulle glo soos Paulus dat die kerk van die Nuwe Testament ingeënt is op die olyfstam van Israel (Romeine 11). Daarom aanvaar hulle dat die gemeente van Christus dieselfde verbondstruktuur as die gemeente van die Ou Testament besit. Die gemeente bestaan nie uit bekeerde individue nie, maar uit gelowige families. Die doop dra dieselfde basiese betekenis as die besnydenis. Gereformeerdes onderskei geen aparte, alleenstaande "verbondsleer" as iets ekstra tot die evangelie nie, maar sien die totale boodskap van die Bybel as verbondsevangelie. Evangelie en verbond is sinoniem. Spesifiek hierdie oortuiging maak ons gereformeerde.

Kerkregering

Gereformeerdes is op grond van die Bybel daarvan oortuig dat plaaslike gemeentes selfstandige kerke in hulle eie reg is en dat die drie Bybelse ampte van leraar, ouderling en diaken in die kerk onderhou moet word. Op hierdie eenvoudige gegewens is die gereformeerde stelsel van kerkregering (presbiteriaal) gebou wat alle priesterheerskappy en hiërgargie uitsluit en daarvan uitgaan dat die Woord van God die maatstaf moet wees waaraan die besluite van alle kerklike vergaderings gemeet moet word. In 'n gereformeerde kerk heers die "meerdere" vergaderings nie oor die plaaslike gemeente nie. Daar bestaan ook nie so iets soos 'n sentrale kerklike "bestuur" nie. Die voorsitter van 'n meerdere vergadering behou geen deurlopende "posisie" nadat die vergadering verdaag het nie. Spesifiek hierdie vorm van kerkregering maak ons gereformeerde.

Psalmsang

Die Reformasie het weggedoen met die liturgiese erediens van die Roomse kerk. Prediking en gebed het die hoofsaak van 'n sober erediens geword. Omdat Gods Woord die erediens beheers, is daarop aangedring dat ook die kerklied Bybels moet wees.

Dit was belangrik dat die héle erediens (elke element van die liturgie) vanuit die Woord moet opkom, want dán kom dit "van Bo" (teonoom). Dit was voor die hand liggend om slegs Skriftuurlike liedere, en dus in die besonder die berymde Psalms, te sing. Ook toe later aanvaar is dat Nuwe Testamentiese liedere in die erediens gesing moet word, was die bedoeling nie om die Psalms af te skeep nie. Wêreldwyd is dit steeds 'n uitstaande kenmerk van alle gereformeerdes: die groot voorliefde vir die Psalms – omdat gereformeerdes hulself deel weet van die één volk van God in die ou en nuwe bedeling en omdat hulle die Psalms verstaan as die geïnspireerde Woord van God en die geïnspireerde reaksie van Gods volk op Sy liefde en tugtiging. Dit is vir gereformeerdes 'n onopgeefbare rykdom. 'n Kerk wat nie meer Psalms sing en daaraan voorkeur gee nie, kan beswaarlik gereformeerde genoem word. Uit dit alles is dit duidelik dat die gereformeerde geloof nie maar net nóg 'n kerklike "tradisie" tussen al die ander Christelike tradisies is nie. Die bedoeling van die Reformasie was 'n herstel van die outentieke Christelike geloof. Wat 'n rykdom om gereformeerde te mag wees!

Ou goud. Suiwer goud. Te midde van soveel stroomversnellings en verwarring is dit nie net goed om die ou goud weer onder oë te neem nie. Dit is noodsaaklik. Stryd teen dwaling kan 'n mens maklik van jou kosbare rykdom laat vergeet. Of om dit anders te sê: 'nee' teen die verkeerde is nog nie noodwendig 'n bevestigende 'ja' van wat goed en reg is nie. Te veel klem op stryd teen die verkeerde kan selfs die nodige aandag van die regte wegneem.

Prof Jonker gee in hierdie artikel 'n helder oorsig van wat gereformeerde-wees positief beteken. Uiteraard kan daar baie meer gesê word. Met wat gesê is, kan elke gereformeerde gelowige doelgerig werk. Dit loon die moeite om elke paragraaf van die artikel weer 'n slag te lees en deeglik op jou te laat inwerk. Die artikel kan selfs (in dele of in 'n geheel) as besprekingspunte vir 'n gemeentevergadering, gespreksgeleentheid of Bybelstudie dien. Op die basis van wat hierbo in die lig van Gods Woord geskryf is, kan gelowiges mekaar sinvol en kragtig in diens van die Here stimuleer.

Fundamentalisme

In *Die Kerkblad* van Augustus 2004 skryf dr Nico Vorster 'n breedvoerige artikel onder die opskrif 'Op soek na 'n weg uit die fundamentalisme'. Slegs op enkele dele van die artikel word die aandag gevestig.

Die huidige onmin in ons kerke oor die wyse van nagmaalsviering en die gebruik van nuwe psalmberymings laat ernstige vrae oor Skrifgebruik binne ons kerke ontstaan. Die vraag is: Word ons kerkverband nie dalk deur fundamentalistiese Skrifgebruik bedreig nie?

Van die vernaamste eienskappe van 'n fundamentalistiese Skrifgebruik is:

- 'n Vergoddeliking van die Skrif (verbale en meganiese inspirasie-teorieë)
- Die aanname dat daar in die Skrif nie oneffenhede is nie
- Die a-historiese bestudering van die Skrif

Binne die GKSA kom fundamentalisme egter in 'n meer komplekse sin voor. Baie klem word tereg in ons kerke geplaas op die Goddelike gesag van die Skrif. Die vraag is egter: Is ons nie dalk geneig om te maklik ons eie interpretasie van die Skrif tot die enigste waarheid te verhef deurdat ons onkrities en naïef met ons eie voorveronderstellings omgaan nie?

Die fundamentalisme stel die menslike interpretasie van die Skrif gelyk aan die openbaring van God. 'n Objektiewe toegang tot die oorspronklike bedoeling van die Bybelse outeurs word as haalbaar beskou, omdat die interpreteerder gelei word deur die Heilige Gees. Die fundamentalis besef nie dat sy eie voorveronderstellings 'n groot rol speel in sy interpretasie nie. Die Bybel bevat God se openbaring, maar die Bybel moet geïnterpreteer word deur 'n sondige mens wat ten dele ken.

Die gereformeerde teoloog Bavinck wys tereg daarop dat die getuienis van die Heilige Gees nie eensydig op die gesag van die Skrif betrek kan word nie. Dit gaan in die werk van die Heilige Gees nie oor objektiewe leerstellings nie, maar oor die bring van die gelowige tot kindskap en aanvaarding van God.

Die gevolg van hierdie naïewe omgang met die Skrif is dat sommige gereformeerdes met 'n rigiede waarheid-valsheidskema werk. Baie klem word op waarheid gelê, dikwels ten koste van eenheid. Die gevolge is katastrofies. Fundamentalistiese kerke is vanweë hulle oordrewe klem op waarheid geneig om geslote en eksklusiewe gemeenskappe te word wat maklik in tradisionalisme verval. Enige vernuwing word as 'n bedreiging vir die waarheid gesien. Die gevaar van die fundamentalisme lê daarin dat dit sy eie teologiese interpretasies as direk geïnspireerd deur die Gees beskou, terwyl opponerende sienings afgemaak word as valsheid. Wanneer belangrike dogmas ter sprake kom, sien die fundamentalisme geen ander opsie as om oor te gaan tot kerklike skeiding en nuwe kerklike formasie nie. Hierdie tendens is duidelik waarneembaar in ons kerke.

... 'n Indringende besinning oor hoe die Skrif hanteer moet word, is in ons kerke noodsaaklik. Die gevaar van die fundamentalisme is dat dit die Bybel nie met genoeg nederigheid hanteer nie. Alvorens die probleem van fundamentalisme nie aangespreek word nie, sal seperatisme en tradisionalisme ons kerk altyd bedreig.

In *Die Kerkblad* van November 2004 reageer br Jaap Dorland van Noordrand soos volg op die artikel (enkele grepe uit sy brief word aangehaal):

... Dit is meer as net jammer dat waar 'n fundamentalistiese stroming in ons kerke opgemerk word daar nie een enkele aanhaling uit werke ensovoorts, wat binne die sogenaamde stroming tog seker gepubliseer is, aangehaal word nie. Die artikel gebruik swaar woorde soos 'vergoddeliking van die Skrif', 'menslike interpretasie van die Skrif word gelykgestel aan die openbaring van God', 'naïewe omgang met die Skrif', 'katastrofiese gevolge', 'eie teologiese interpretasies as direk geïnspireer deur die Gees beskou' ensovoorts. Hoe sal lesers nou kan oordeel of hierdie uitdrukkings die opvattinge binne die stroming korrek weergee?

Baie vrae ontstaan by die lees van die artikel. Enkele daarvan is:

- Watter fundamentalistiese kerke het die skrywer in gedagte en waaruit blyk hulle fundamentalisme? Moontlik kan ons iets leer uit hulle geskiedenis!
- Wat is naïewe omgang met die Skrif?
- Wat beteken vergoddeliking van die Skrif in die lig van NGB art. 3-7 en HK So. 7, antw. 21? Dit is waaraan ons gebind is ten opsigte van ons waardering van die Skrif. Is daar voorbeelde van vergoddeliking?...

In aansluiting by br Dorland se vrae en opmerkings, en met prof Jonker se artikel oor Gereformeerd-wees in gedagte, is daar 'n enkele ander saak wat uitgewys moet word.

Dr Vorster se artikel verskyn nie in 'n lugleegte nie. Die saak wat hy aanroer is geen tema vir 'n interessante debat waaroor breedvoerig geteoretiseer kan word nie. Met verwysing na die kwessie rondom nagmaalkelkies en psalmomdigtings sê dr Vorster presies wie hy as teiken van sy fundamentalisme-klag in die oog het. In die lig hiervan word br Dorland se vrae benouend. Waar is die bewyse dat diegene wat geen Skrifgronde vind om van die gemeenskaplike nagmaalbeker af te wyk nie, wat die psalmomdigtings in die lig van die Skrif nie kan goedkeur nie (en daarmee saam: wat nie kan aanvaar dat die toelating van die vrou tot die diaken-amp Skriftuurlik is nie) fundamentaliste is?

Om aanvanklik versigtigheidshalwe te vra 'Word ons kerkverband nie dalk deur fundamentalistiese Skrifgebruik bedreig nie?' en daarna indringend te waarsku 'dat die gevaar van fundamentalisme is dat die Bybel nie met genoeg nederigheid hanteer word nie' en boonop te wys op 'seperatisme en tradisionalisme wat ons kerke altyd sal bedreig alvorens die probleem van fundamentalisme nie aangespreek is nie' bevestig die wasigheid rondom br Dorland se benouende vrae. Laat ons in die kerk van Christus sake op die naam noem en eerlik wees. Dit

beteken in praktyk dat die besware wat teen die nuwe Psalmomdigtings en afwyking van die gemeenskaplike nagmaalbeker ingebring is na behore geweeg en uitgeklaar moet word – en nie net by wyse van ‘n meerderheidstemming op ‘n meerdere vergadering van die tafel gevee word

nie. Dit beteken ook dat hulle wat van separatisme en skeurmakery verdink word as sodanig ernstig vermaan word sodat daar inkeer kan kom.

Nederig buig voor die Here is anders as om ‘n vae skoot hael oor vermeende fundamentalisme in die lug los te trek en sodoende

medegelowiges verdrag te maak. Op hierdie manier sal daar nooit ‘n weg uit enige probleemsituasie kom nie. Nederig buig voor die Here is om mekaar in alle erns aan sy Woord te bind. Daarvoor moet alle gelowiges hulle beywer. En daarvoor moet vurig gebid word.

Doelgerigte verdieping

Die Amerikaanse predikant Rick Warren se boek *The purpose driven life* het Suid-Afrika soos ‘n vloedgolf getref. Menige kerkganger het die boek onder oë gekry. Heelwat het die veertig dae reis deur die boek afgeleë. In ‘n vorige uitgawe van *Waarheid en Dwaling* het dr AH Bogaards ‘n kragtige resensie oor die boek geskryf. Die probleme wat daarin opgesluit lê, is by die naam genoem.

Nie net Suid-Afrika is deur die Warren-golf getref nie. Die boek is ook in Nederlands vertaal: *Doelgericht*

leven. In die *Nederlands Dagblad* – ‘n koerant wat sy oorsprong in die Gereformeerde Kerke het en op die christen-leserspubliek in Nederland gerig is – verskyn ‘n berig oor ‘n baptiste-konferensie wat in Nederland oor Warren se boek gehou is (ND 22 November 2004). Baptiste-predikante het hulle uitgelaat oor die boek van hulle baptiste-kollega in die VSA. Uit die berig word enkele kersake (vry vertaal) weergegee.

‘Vir verdieping is meer nodig as gemeentegroei-beginsels en doelgerigte aktivisme’. Met hierdie opmerking het die baptiste-predikant, Henk Bakker, die studiedag van die George Whitefield-stigting geopen. Sy kollega, Michael Gorsira, het ook enkele kritiese kanttekeninge by pragmatiese kursusse soos Purpose Driven Life van die Amerikaanse predikant, Rick Warren, geplaas. ‘My beswaar teen sy boek is dat die Bybel nêrens regtig oopgaan nie. Hy haal baie uit die Bybel aan, maar gee geen uitleg van Skrifdele binne hulle konteks nie. Bowendien gebruik hy dikwels parafraaserende vertalings soos dit hom die beste pas. Dit is nie ‘n goeie manier van Skrifuitleg nie’. Tog het Gorsira besluit om die kursus met sy gemeente deur te gaan onder die motto: ‘toets alles en behou die goeie’.

Volgens Gorsira ondervind hy met die boek van Warren dieselfde leemte as met tematiese prediking. ‘Didakties (onderrigend) is tematiese prediking sterk; maar ‘n mens laat die Skrif slegs op jou vroeë antwoord, terwyl dit God is wat die vraag stel – mens waar is jy?’ In die betoog van Gorsira het ‘n ander Bybelse vraag sentraal gestaan: ‘Is dit vir julle die tyd om in julle mooi betimmerde huise te woon terwyl My huis in puin lê? Dit is die profeet Haggai wat in die naam van God die Israëliete aanspoor om die tempel te herbou. Maar elkeen is besig met die

opbou van sy eie welvaart en het geen tyd om God se huis te herbou nie’. Dieselfde ek-gerigtheid sien Gorsira in ons tyd raak. ‘In die huidige kerklike kultuur verdwyn die Drie-enige God steeds meer uit die sentrum om plek te maak vir ‘n mensgerigte beleving van geloof. Die sentrale vraag is klaarblyklik nie meer wat God van die mens vra nie, maar watter waarde die geloof aan die lewe toevoeg. Ons vind troos en selfwaarde in ons geloof en warmte en samehörigheid in die gemeente. Ons organiseer afwisselende, kreatiewe eredienste met humor en gemaklike liedjies – solank dit maar ‘n positiewe gevoel gee.’

‘Haggai het die mense aangespoor om oor hulle situasie na te dink. Dit was nie rooskleurig nie: harde werk, maar weinig opbrengste. God se seën het nie op die volk gerus nie, omdat Hy nie sentraal gestaan het nie’. Ook dit gee ons heelwat om vandag oor na te dink, meen Gorsira. ‘Daar is soveel konferensies, studiedae en aksies. Ons werk hard, maar hoeveel gemeentes groei werklik? Hoeveel mense in Nederland kom tot geloof?’

Ds Gorsira se vroeë aan baptistiese Nederlanders is ook van toepassing op Suid-Afrikaanse Doppers. Hoeveel groei is daar? Groei in geloof, in liefde vir God, in uitdra van die evangelie by wyse van sending en evangelisasie? Hoeveel groei is daar in die koninkryk van God wat betref die reformasie van die lewe in sy volle lengte en breedte? Vir sulke groei is Skriftuurlike prediking onmisbaar. Die Woord moet aan die woord kom. Die Woord in sy totaliteit, en nie stuk-stuk in snippers nie. Met die lewende Woord moet ons mekaar bemoedig en vermaan om doelgerig te lewe. Dan kom daar verdieping en groei, ongetwyfeld. Die Gees werk immers deur die Woord!

VERENIGING VIR GEREFORMEERDE LEWENSWANDEL

Redaksie:

Dr ALA Buys
Mev J de Wind
Ds HLJ Momberg
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 332 4676
e-pos: alabuys@lantic.net
jdewind@mweb.co.za

Medewerkers:

Dr AH Bogaards
Dr EA de Boer
Prof GJC Jordaan
Ds GJ Meijer
Ds SJMS Smit
Dr AH van den Bout

Webbladsy: <http://www.vgl.co.za>

Administrasie-adres:

Mev Hanneke Das
Waarheid en Dwaling
Posbus 31712, Totiusdal, 0134
Tel 012 331 4733 (na 14:00)
e-pos: jdirkdas@absamail.co.za
Faks 012 335 9135

Intekengeld:

R120 per jaar en addisionele bydraes kan inbetaal word by:

Waarheid en Dwaling
Spaarrekening 9054701904
ABSA, Waverley, Pretoria

Tegniese versorging:

Printburo
Posbus 25316
Gezina, 0031